## DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP.

No. 1027.] [12 Julie 1963.

### PROKLAMERING VAN 'N GEDENKWAARDIGHEID.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel 1 (*a*) van artikel *agt* van die Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede, 1934 (Wet No. 4 van 1934), soos gewysig, verklaar ek hierby die Vyfboogbrug, Waterval-Onder, as 'n historiese gedenkwaardigheid.

### BESKRYWING.

Die Vyfboogbrug, Waterval-Onder: Die brug en die omliggende terrein, soos aangetoon op Kaart L.G. No. A.5293/61, in Oktober–November 1959, Februarie 1960 en September 1961 deur landmeter A. J. le Roux opgemeet.

### HISTORIESE BELANG.

Die brug is 'n besonder mooi stuk klipwerk en is oorspronklik gebou vir die Z.A.S.M.-spoorlyn tussen Pretoria en Lourenco Marques.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

## DEPARTMENT OF EDUCATION, ARTS AND SCIENCE.

No. 1027.] [12 July 1963.

### PROCLAMATION OF A MONUMENT.

By virtue of the powers vested in me by sub-section 1 (*a*) of section *eight* of the Natural and Historical Monuments, Relics and Antiques Act, 1934 (Act No. 4 of 1934), as amended, I hereby proclaim the Bridge of Five Arches, Waterval-Onder, to be a historical monument.

### DESCRIPTION.

The Bridge of Five Arches, Waterval-Onder: The bridge and the surrounding area, as shown in diagram L.G. No. A.5293/61, surveyed by Land Surveyor A. J. le Roux in October–November, 1959, February, 1960, and September, 1961.

### HISTORICAL INTEREST.

The bridge is a particularly fine stone structure and was originally built for the Z.A.S.M. railway line between Pretoria and Lourenco Marques.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister for Education, Arts and Science.

## DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. 1029.] [12 Julie 1963.

### AANWYSING VAN LEYDSDORP AS 'N PLEK VIR HOFSITTINGS.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (3) van artikel *nege* van die Naturelle-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), wys ek, MICHIEL DANIËL CHRISTIAAN DE WET NEL, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, hierby Leydsdorp, in die distrik Letaba, aan as 'n plek, benewens Tzaneen, waar die Bantoesakekommissaris, Tzaneen, gewone hofsittings kan hou.

M. D. C. DE W. NEL,
Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

N. 105/1687.

## DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

No. 1029.] [12 July 1963.

### DESIGNATION OF LEYDSDORP AS A PLACE FOR THE HOLDING OF COURT SITTINGS.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (3) of section *nine* of the Native Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), I, MICHIEL DANIËL CHRISTIAAN DE WET NEL, Minister of Bantu Administration and Development, hereby designate Leydsdorp, in the District of Letaba, as a place where the Bantu Affairs Commissioner, Tzaneen, may hold ordinary court sittings, in addition to Tzaneen.

M. D. C. DE W. NEL,
Minister of Bantu Administration and Development.

N. 105/1687.

## DEPARTEMENT VAN WATERWESE.

No. 1025.] [12 Julie 1963.

### RIETRIVIER-STAATSWATERSKEMA. — VERHOGING VAN WATERKWOTA VIR DIE WATERJAAR 1 APRIL 1963 TOT 31 MAART 1964.

Die Minister van Waterwese het kragtens subartikels (2) (*b*) en (3) van artikel *drie-en-sestig* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), bepaal dat die volle normale waterkwota van ses-en-sewentig (76) kusekuur per ingelyste morg vir die waterjaar 1 April 1963 tot 31 Maart 1964 toegeken word.

Hierdie kennisgewing is ter vervanging van Goewermentskennisgewing No. 594 van 26 April 1963.

## DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS.

No. 1025.] [12 July 1963.

### RIET RIVER GOVERNMENT WATER SCHEME.—RAISING OF WATER QUOTA FOR THE WATER YEAR 1ST APRIL, 1963, TO 31ST MARCH, 1964.

The Minister of Water Affairs has, in terms of sub-sections (2) (*b*) and (3) of section *sixty-three* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), determined that the full normal water quota of seventy-six (76) cusec-hours per scheduled morgen be allocated for the water year 1st April, 1963, to 31st March, 1964.

This notice is in substitution for Government Notice No. 594 of 26th April, 1963.